om aan te sluit by Japansending se werk.

***Eliezer Tyree***, vanaf die VSA, het in November 2021 by ons aangesluit, gedurende 'n kort periode toe reisbeperkings verlig is. Hy het gedien in die Engelse evangeliese en cafébediening. Hy het ook sy musiektalente en media gebruik om uitreik te doen.

***Bid*** asseblief vir ons terwyl ons 'n program ontwikkel wat dit vir Eliezer moontlik sal maak om sy musiektalent te kan gebruik om met die evangelie uit te reik na die ongereddes.



*Alison Quinlan*

***Alison Quinlan*** het in April 2022 van die Verenigde Koninkryk gearriveer. Sy is 'n afgetrede onderwyseres en het 'n passie om Christus met haar studente te deel.

***Bid*** vir wysheid en sterkte, terwyl Alison die geleentheid gehad het om met baie persone vriende te maak terwyl sy in die Engelse evangeliese bediening gedien het.

Terwyl werkers geduldig gedurende die pandemie gewag het om by die werk aan te sluit, het baie vir ons gebid. Ons is nou verheug om te kan rapporteer dat elkeen in staat was om Japan te kon binnekom en by die werk te kon aansluit.

Dankie vir julle getroue gebede. Die Here is baie goed en het ons gebede verhoor!

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

*(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08*

***JULIE-AUGUSTUS 2022***

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te dien*

## 'N LANGVERWAGTE VREUGDEVOLLE HUWELIK

In 2018 het die Here Josephine (Jo) gelei om Japansending te kontak terwyl sy gewerk het in 'n sekulêre kindersorg-fasiliteit in die noorde van Japan. Sy wou steeds met kinders werk, maar ook die evangelie met hulle deel. Japansending het haar genooi om die Engelse kamp by te woon sodat ons mekaar kon leer ken.



*Edward & Josephine Zimmerman*

"In Oktober 2018 is ek genooi om 'n Engelse kamp wat deur Japansending aangebied word, by te woon," het Jo gedeel. "Tydens daardie twee dae is die Woord verkondig en elkeen het 'n wonderlike tyd gehad deur Engels te leer, speletjies te speel, liedjies te sing en stories te deel, terwyl ons heerlike maaltye geniet het. Ek het hulle passie en toegewydheid om die liefde van Christus te deel, gesien. Die nag na die kamp, terwyl ek op 'n agt uur lange rit terug na Niigata was, onthou ek dat ek vir God gesê het 'As dit regtig u plan vir my is om deel te word van wat U doen deur Japansending, open asseblief die weg,' en Hy het!"

Dit is hoe Jo, oorspronklik van die Filippyne, in April 2019 by Japansending aangesluit het. Sy het sedertdien 'n belangrike rol in die Engelse evangeliebediening, die kinderklub en die cafébediening gespeel.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke v naf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Edward Zimmerman was deel van ’n span korttermyn-vrywilligers vanuit Suid-Afrika wat in Oktober 2019 gekom het om Japansending te help met die Engelse kamp.

“Dit was ’n groot ondervinding om te sien hoe God se liefde gedeel word met so baie mense en ek het gewens ek kon bly,” het Edward gedeel. “Terwyl ek in Japan was, het ek ’n pragtige vrou, Josephine ontmoet. Ek het verskeie kere probeer om met haar te praat, maar sy het tot laat in die nag gewerk en ek was besig in die dag. Op die laaste dag van die kamp het ek genoeg moed bymekaargeskraap om Jo uit te vra vir ’n roomysafspraak. Sy het ingestem en ons het ’n heerlike tyd gehad!

Na ek teruggekeer het na Suid-Afrika, het ek begeer om Josephine beter te leer ken. Ek het kontak met haar gemaak deur die sosiale media en sy het op my boodskappe geantwoord.

Aan die begin het ek nie geweet waaroor om met haar te gesels nie, maar daar was een ding wat ons in gemeen gehad het en dit was ons liefde vir die Here Jesus. Ons geselsies het meestal gedraai om ons verhouding met God en die wyses waarmee ons God se liefde met ander kan deel.

Later het ons gesprekke vriendeliker en vol pret geword, soms met grappies tussenin. Ek het die geselsies begin geniet en uitgesien daarna om met haar te gesels.

Ek het vir baie jare tot God gebid vir ’n vrou. Soos wat ek gebid het oor my verhouding met Jo, het die Here ook in my hart gewerk. Hy het vir my gewys dat die verhoudings van die verlede as gevolg van my misluk het en nie as gevolg van die ander nie. Ek het toe die Here gevra om my die betekenis van ware liefde te wys.

Soos wat ek die evangelie gelees het, het God my gewys dat ware liefde was om ander lief te hê soos Jesus my liefhet. Hy het my lief net soos ek is, me

t al my bagasie en vuilheid. Jesus het die hele lydingspad geloop om vir my sondes te sterf. Dit was die prys wat Hy betaal het om sy verhouding met my te herstel!

Dit het meegebring dat ek ernstig nagedink het oor die diepte van wat dit beteken om my selfsugtigheid tersyde te stel en te doen wat die Bybel sê: **‘Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het’** (Efesiërs 5:25).’

Omtrent ses maande later, in Mei 2020, het die Here in beide Edward en Jo se harte bevestig dat hulle kan trou.

Kort daarna het Edward aansoek gedoen by Japansending en is aanvaar. Ons het almal saamgestem dat Edward na Japan moet kom en ook met Jo moet trou. Dit was egter die begin van die COVID-19-pandemie, en vliegtuigvlugte was streng beperk.

Eers Maart 2022 is internasionale reise toegelaat en kon Edward na Japan reis.

Eers twee jaar nadat die Here hulle gelei het tot ’n besluit om te trou, is Edward en Jo uiteindelik op 2 Mei 2022 getroud.

God het hulle in hierdie kosbare tyd van skeiding gehelp om te groei in Hom en te groei in hulle liefde vir mekaar.

Die dag toe hulle getrou het, was hulle meer as ooit oortuig daarvan dat hulle binne sy wil optree.

Die Here het ons op hulle troudag met heerlike weer geseën. Die huweliksbevestiging en onthaal is buite onder die bome in die pragtige tuin net onder Japansending se eiendom gehou.

Baie van Jo se nie-Christenstudente en vriende het kom deel in die feestelike geleentheid. Mense van Suid-Afrika en die Filippyne het ook deel gehad aan die seremonie deur middel van die stroomuitsending.

Harte is diep geraak deur Edward en Jo se getuienis oor God se goedheid en getrouheid.

## *LOFPRYSING EN GEBEDSVERSOEKE*

1. Edward Zimmerman het in Maart 2022 vanaf Suid-Afrika in Japan gearriveer. Hy is 'n begaafde musikant, het goeie verhoudings met jongmense en is goed bekend met rekenaars en media. Hy het in die Engelse evangeliese en cafébediening gedien. Bid vir Edward en Jo terwyl hulle hulle nuwe reis aanpak as 'n nuwe getroude sendingpaartjie wat toegewy is daaraan om 'n impak vir Jesus in die wêreld te maak.
2. Vir die eerste keer in drie jaar kon ons weer 'n byeenkoms hou met predikante en Christenwerkers van die kerke waar Japansendingwerkers dien. Ons het 'n wonderlike gemeenskapstyd gehad, terwyl ons so saam was en gedeel het hoe die Here hulle gemeentes geseën het, ten spyte van baie COVID-beperkings. Prys die Here!
3. Die toewyding van baie het ons steeds gehelp om 'n impak te maak op die Here se koninkryk. Ons het verstom gestaan oor hoe die Here in die harte van so baie mense uit verskillende werkkringe, met verskillende gawes en hulpbronne gewerk het om ons met die sendingwerk in Japan te help. Dankie vir die deel wat u gespeel het om te help om die evangelie te deel in hierdie ongeredde land!

## *REISBEPERKINGS WORD VERLIG*


*Eliezer Tyree*

Ons uiter ’n sug van verligting sedert die reisbeperkings in die afgelope maande verlig is. Sommige van ons werkers was nie in staat om vir drie jaar tydens die somer na hulle lande van herkoms te gaan vir ’n kort besoek aan familie en ondersteuners nie.

Drie nuwe werkers, waarvan twee vir meer as twee jaar gewag het, was nou in staat om na Japan te reis